KONSEP VIR OPENBARE DEELNAME

VERORDENING OP ONROERENDE EIENDOM

AANHEF

NADEMAAL daar kragtens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, wetgewende gesag aan die metropolitaanse munisipaliteit van die Stad Kaapstad verleen word;

EN NADEMAAL die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) se munisipale regulasies oor bate-oordrag van toepassing is op die oordrag en vervreemding van sekere onroerende eiendom wat deur munisipaliteite besit word en op die vergunning van regte deur munisipaliteite om sekere onroerende eiendom te gebruik, te beheer of te bestuur;

EN NADEMAAL die Stad Kaapstad graag sekere bykomende aangeleenthede ten opsigte van onroerende eiendom in ’n verordening onder die loep wil neem;

Word daar dus hiermee as volg deur die Stad Kaapstad verorden:

INDEKS

1. OMSKRYWINGS
2. VERKRYGING VAN ONROERENDE EIENDOM EN REGTE IN ONROERENDE EIENDOM
3. EIENAARSKAP VAN OPENBARE PLEKKE EN OPENBARE STRATE
4. SLUITING VAN OPENBARE PLEKKE EN OPENBARE STRATE
5. VERJARINGSEISE
6. AANVANGSDATUM
7. HERROEPING

1. **OMSKRYWINGS** – In hierdie verordening, tensy strydig met die konteks, beteken –

“munisipale area” die area onder die jurisdiksie en beheer van die munisipaliteit;

“munisipaliteit” die metropolitaanse munisipaliteit van die Stad Kaapstad;

“openbare plek” enige grond of gedeelte daarvan wat op ’n goedgekeurde plan, diagram of kaart as ’n openbare plek aangetoon word waarvan die eienaarskap as sodanig by die munisipaliteit berus;

“openbare straat”

(a) enige straat wat op enige tydstip -

(i) sonder onderbreking deur die publiek vir ’n tydperk van minstens dertig jaar gebruik is;

(ii) as sodanig deur die munisipaliteit of ’n ander bevoegde gesag verklaar of aangedui is;

(iii) deur die munisipaliteit aangelê is; of

(iv) deur iemand anders as die munisipaliteit aangelê en deur die munisipaliteit verkreë is;

(b) enige grond, met of sonder geboue of strukture daarop wat as ’n straat aangedui word op –

(i) enige plan of onderverdeling of diagram wat deur die munisipaliteit of ’n ander bevoegde gesag goedgekeur is en waaraan uitvoering gegee is;
(ii) enige plan of diagram soos in artikel 15 van die Landmeetwet, 1997 (Wet 8 van 1997) gedefinieer wat by die kantoor van die Registrateur van Aktes of die kantoor van die Landmeter-generaal geregistreer of geliasseer is;

tensy sodanige grond op ’n plan of diagram is wat as ’n private straat beskryf word;

“sluit” ten opsigte van ’n openbare straat of openbare plek, om vir alle doeleindes te sluit of slegs vir voertuig- of voetgangerverkeer.

2. **VERKRYGING VAN ONROERENDE EIENDOM EN REGTE IN ONROERENDE EIENDOM**

(1) Die munisipaliteit mag onroerende eiendom en/of regte in onroerende eiendom binne of buite sy munisipale area verkry by wyse van verkoping, onteiening, verkrygende verjaring, skenking, begiftiging, verhuring of andersins.

(2) Die munisipaliteit mag onroerende eiendom onteien en/of mag die reg uitoefen om onroerende eiendom tydelik te gebruik, met dien verstande dat sodanige mag(te) slegs *mutatis mutandis* uitgeoefen mag word ooreenkomstig die bepalings van die Onteieningswet, 1975 (Wet 63 van 1975), of enige ander tersaaklike wetgewing, met dien verstande dat sodanige onteiening vir openbare doeleindes of in die openbare belang en onderworpe aan die betaling van kompensasie sal wees.

3. EIENAARSKAP VAN OPENBARE PLEKKE EN OPENBARE STRATE

Die eienaarskap van onroerende eiendom waartoe die gemeenskap van die munisipale area ’n gemeenskaplike reg het of mag verkry en alle openbare plekke en openbare strate, en die grond wat sodanige plekke en strate beslaan, berus by die munisipaliteit.

4. **SLUITING VAN OPENBARE PLEKKE EN OPENBARE STRATE**

(1) Die munisipaliteit mag openbare plekke en openbare strate of enige gedeelte van sodanige plekke of strate slegs sluit nadat dit -

(a) sy voorneme om so te handel, geadverteer het; en

(b) enige beswaar, indien enige, voortspruitend uit sodanige advertensie oorweeg en verwerp het en sy redes daarvoor skriftelik aangeteken het.

(2) Desnieteenstaande die bepalings van paragraaf (a) kan die munisipaliteit ’n openbare plek of openbare straat tydelik sluit.

5. **VERJARINGSEISE**

Desnieteenstaande enige regsreël tot die teendeel, sal dit nie moontlik wees vir enige persoon om onroerende eiendom wat deur die munisipaliteit besit word deur verjaring te bekom nie.

6. **AANVANGSDATUM**

Hierdie verordening sal op die datum van publikasie ’n aanvang neem.

7. HERROEPING

Hierdie verordening, met ingang van die aanvangsdatum, sal die Verordening ten opsigte van die Bestuur en Administrasie van die Stad Kaapstad se Onroerende Eiendom wat in die Provinsiale Koerant 5988 van 28 Februarie 2003 gepubliseer is, herroep.